Hoërskool Tuine

BELEID OOR TOEGANG MET MOTORS EN MOTORFIETSE TOT DIE SKOOLTERREIN EN BESTUUR DAARVAN DEUR LEERDERS

255 Bornmann Straat, Pretoria Tuine, 0082
Posbus 48066, Hercules, 0030 Tel (012) 379-6181
Epos: admin@hstuine.co.za hoof@hstuine.co.za

1. INDEKS
2. TITEL VAN DIE BELEID 3
3. EFFEKTIEWE DATUM 3
4. HERSIENINGSGESKIEDENIS 3
5. DATUM VAN VOLGENDE HERSIENING 3
6. AANHEF 3
7. WOORDOMSKRYWINGS, VERKLARING VAN TERME GEBRUIK EN AKRONIEME 3
7.1. Definisies en verduidelikings 3
7.2. Akronieme 4
8. WETGEWENDE RAAMWERK 4
8.1. Regsraamwerk 4
8.2. Verwante Beleide 5
9. DOEL VAN DIE BELEID 5
10. OMVANG EN TOEPASSING VAN DIE BELEID 5
11. DIE VERGUNNING TOT TOEGANG TOT DIE TERREIN DEUR LEERDERS MOTORS EN MOTORFIETSE/BROMPONIES 5
12. KORT TITEL 9
13. GOEDKEURING VAN DIE BELEID 9
BYLAE: AANSOEKVORM 10

2. TITEL VAN DIE BELEID

Die skool beleid oor TOEGANG MET MOTORS EN MOTORFIETSE TOT DIE SKOOLTERREIN EN BESTUUR DAARVAN DEUR GRAAD 12-LEERDERS, ASOOK VAN TOEPASSING OP MOTORFIETSE BESTUUR DEUR GRAAD 10-, 11- EN 12-LEERDERS (EKSAMENTYE INGESLUIT) van Hoërskool Tuine.

3. EFFEKTIEWE DATUM

28 Julie 2022

4. HERSIENINGSGESKIEDENIS

Soos Gewysig Op:
28 Julie 2022

5. DATUM VAN VOLGENDE HERSIENING

April 2024

6. AANHEF

6.1 Ingevolge artikel 20 en 21 van die Skolewet, 1996 moet die Beheerliggaam van die skool die skool se eiendom, asook die geboue en gronde van die skool beset, administreer en beheer. Sodanige beheer sluit in toegangsbeheer en die reg op toegang tot die skool met voertuie en motorfietse deur leerders met geldige rybewyse.

6.2 Die veiligheid en sekuriteit op die skoolterrein is van kardinale belang betreffende leerders, ouers en personeel op die skoolterrein.. Daarom geld daar sekere toegangsreëlings met betrekking tot die toegang by die skoolhek en ander plekke van die skool terrein. Die sekuriteitsmaatreëls is nodig vir die beskerming van die skool se voertuie, eiendom en veiligheid van alle leerders, personeel en besoekers.

7. WOORDOMSKRYWINGS, VERKLARING VAN TERME GEBRUIK EN AKRONIEME

7.1. Definisies en verduidelikings

Term	**Omskrywing**
Beheerliggaam	Die beheerliggaam van die skool.
Bestuurderslisensie	’n Bestuurslisensiekaart wat ingevolge die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet No. 93 van 1996) uitgereik is deur die gemagtigde owerheid.
Hoof	'n opvoeder wat as hoof van 'n skool aangestel is of waarneem.

Term	Omskrywing
Leerder	Enige persoon wat onderwys ontvang of wat ingeskryf is by die skool om onderwys te ontvang by die skool ingevolge die SASW.
Motorkar	’n Motorvoertuig, uitgesonderd ’n motorfiets, motordriewiel of motorvierwiel, wat uitsluitlik of hoofsaaklik ontwerp of ingerig is vir die vervoer van die aantal persone wat toelaatbaar is, met inbegrip van die bestuurder
Bestuurslisensie	’n Lisensie wat deur die owerhede uitgereik is om te bewys die motor is padwaardig en wettiglik toegelaat op openbare paaie.
Onwettige Middel	Beteken enige onwettige bedwelmende of verdowende stof.
Opvoeder	Enige persoon, met uitsondering van 'n persoon wat aangestel is om uitsluitlik buite-kurrikulêre werksaamhede te verrig, wat ander persone onderrig, opvoed of oplei of wat professionele opvoedkundige dienste, met inbegrip van professionele terapie en opvoedkundige sielkundige dienste, by die skool lewer.
Ouer	a. die biologiese of aanneem-ouer of wettige voog van 'n leerder; b. die persoon met wettige aanspraak op sorg vir 'n leerder; of c. die persoon wat onderneem om die verpligtinge van 'n persoon in paragrawe *(a)* en *(b)* ten opsigte van die leerder se opvoeding op skool na te kom.
Personeellid	'n Persoon wat by 'n skool in diens is.
Skool	Hoërskool Tuine.
Skoolaktiwiteit	Enige amptelike opvoedkundige, kulturele, ontspannings- of sosiale aktiwiteit van die skool op of buite die skool se perseel.
Skoolperseel/terrein	Die skoolperseel/terrein sluit vir doeleindes en inkomteks van hierdie beleid enige parkeerterreing, parkeerplek, sportveld, teogangspaaie, grond en omheinde gebied in wat onder die beheer van die skool is.

7.2. Akronieme

Akronieme	Verduideliking
BL	Skoolbeheerliggaam
SBS	Skoolbestuurspan

8. WETGEWENDE RAAMWERK

8.1. Regsraamwerk

a) Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996
b) Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996
c) Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole soos vervat in Regeringskennisgewing 22754

d) Die Regulasies vir Dwelmtoetsapparate en die Voorgeskrewe Gebruik Daarvan soos Gepubliseer ingevolge Goewermentskennisgewing 1140 van 2008

8.2. Verwante Beleide

Hierdie beleid moet saamgelees word met die volgende skoolbeleid en -dokumente:

a) Skoolveiligheidsbeleid
b) Skool Gedragskode en Reëls

9. DOEL VAN DIE BELEID

Hierdie beleids is saamgestel om:

a) Leerders wat oor geldige bestuurslisensies besit te ondersteun om met motorvoertuie/Motorfietse/bromponies skool toe te kom en sodanige bestuursvaardighede op te doen.

10. OMVANG EN TOEPASSING VAN DIE BELEID

a) Die beleid is van toepassing op alle leerders van die skool en hulle ouers.

11. DIE VERGUNNING TOT TOEGANG TOT DIE TERREIN DEUR LEERDERS MOTORS EN MOTORFIETSE/BROMPONIES

a) Die hoof en/of sy gedelgeerdes staan in beheer van toegang tot die terrein en is gemagtig om enige persoon die terrein te verbied.

b) Die skool se beleid is dat slégs graad 11 en 12 leerders, wat in besit is van ‘n wettige bestuurderslisensie vir ‘n voertuig, en ander leerders wat in besit is van ‘n wettige bestuurderslisensie vir ‘n motorfiets, hul voertuie en motorfietse op die skoolterrein mag bring en ook net mag parkeer op die gebiede aan hul uitgewys.

c) Dit is ‘n voorreg en nie ‘n reg wat aan kwalifiserende leerders verleen word om motorvoertuie en motorfietse op die skoolterrein te bring wat slegs op die aangewese plek op die terrein parkeer mag word.

d) Toestemming om die skoolterrein met ’n motor of motorfiets/bromponie binne te kom, kan deur die skoolhoof, volgens sy diskresie, teruggetrek word. Die hoof en of sy gedelegeerde mag ook ‘n waarskuwingsbrief uitreik aan enige leerder wat die reëls oortree. Leerders se ouers sal ook ingelig word van sodanige insident en optrede en sal sy/haar sleutels gekonfiskeer word en ouers moet dan self die voertuig by die skool kom haal.

e) Leerders wat nie in besit is van ‘n geldige rybewys word nie op enige deel van die skoolterrein toegelaat met motors/motorfietse/bromponies nie. Die skool kan nie leerders en ander persone se lewens in gevaar stel deur onbekwame/ ongelisensieerde bestuurders op die skoolterrein toe te laat nie.

f) Terwyl enige leerder op die terrein is in ‘n voertuig of ‘n motorfiets sal die gedrags-kode van die skool nog steed geld.

g) Voertuie en motorfiete wat deur leerders met die nodige toestemming om die terrein te betree bestuur word moet padwaardig wees en die nodige lisensieskyfie moet op datum wees.

h) Indien ‘n ander voertuig/motorfiets/bromponie gebruik word moet die skool admin kantoor in kennis gestel word en moet ‘n addisionele parkeerskyfie teen R50 vir die voertuig bekom word.

11.2 Die Aansoekprosedure en die Betaling van die Parkeringsfooi

a) Die aansoekvorm moet behoorlik voltooi word en vergesel word van ‘n gewaarmerkte afskrif van die leerder se rybewys en by die admin kantoor ingehandig word. Aansoeke moet jaarliks hernu word en die vasgetelde fooi moet betaal word.

b) Die hoof mag goedkeuring verleen aan kwalifiserende leerders om voertuie en motorfietse op die aangewese plekke op die skoolterrein te parker.

c) Nadat toestemming deur die hoof verleen is moet ‘n parkeringsfooi wat geldig is vir die huidige jaar van R50 betaal word waarna ‘n parkeerskyfie aan die leerder uitgereik sal word.

d) Leerders met leerlingbestuurslisensies is onaanvaarbaar tensy ’n persoon met ‘n geldige rybewys saam met die leerder ry en daar ‘n geldige parkeerpermit uitgereik is aan die laasgenoemde leerder en dit so in die aansoekvorm vermeld word.

11.3 Risiko’s en Vrywaring

a) Die GDO, die Beheerliggaam en die hoof en alle lede van die personeel word algeheel gevrywaar van enige skade, verlies of beserings wat deur leerders veroorsaak word wat voertuie en motorfietse op die skooterrein bestuur en/of parkeer. Geen verantwoordelikheid sal deur die skool en/of die beheerliggaam aanvaar word vir beskadiging van bromponies, motorfietse en motors van enige persoon nie.

b) Saamry-geleenthede vir ander leerders word slegs met beide ouerpare se skrifteliketoestemming toegelaat en wat ook by die adminkantoor ingehandig moet word. Die BL en skool aanvaar geen risiko’s of verantwoordelikheid vir leerders wat saam met ander leerders ry nie.

11.4 Toelating tot die Aangewese Parkeerterreine vir Leerders

a) Indien ’n leerder nie in besit is van sodanige toestemming wanneer hy deur enige lid van die personeel, beheerliggaam of verteenwoordigende raad van leerders versoek word om dit te toon nie, sal dit geag word dat hy nie oor sodanige

toestemming beskik nie totdat hy/sy die teendeel kan bewys en moet dadelik die voertuig buite die skoolterrein gaan parkeer.

b) Tussen 06:30 - 07:15 en 13:30 – 14:30 of gedurende eksamentye of as die leerder sportverpligtinge of ander buite-muurse verpligtinge het sal slegs persone wat die nodige bewys het, toegelaat word om die terrein te betree met ‘n motorvoertuig/ motorfiets/bromponie nie.

c) Leerders met leerlinglisensies is onaanvaarbaar tensy ’n persoon met ‘n geldige rybewys saam met die leerder ry en daar ‘n geldige permit uitgereik is aan die motorvoertuig. Die leerder mag nie by die hoofhek inkom nie maar by die parkeerterrein vir leerders. Die “L”-teken moet duidelik op die motor aangebring wees.

d) Leerders sal te alle tye die spoedbeperking van 20 km/h handhaaf op die skoolterrein. Leerders sal te alle tye die verkeersreëls wat geld vir ‘n openbare pad ook op en om die skoolterrein nakom.

e) Gereelde inspeksies van die parkeerterreine sal onderneem word en onwettige parkeerders se wiele sal geklamp word en slegs met die betaling van ‘n fooi van R100 ontsluit word.

11.5 Buite Perke Terreine

a) Enige plek op die skoolterrein waar leerders nie mag ry of parkeer nie. Leerders mag nie oor die tuine, grasperke of skoolvelde ry nie.

11.6 Ongemagtigde Optredes

a) Geen leerders mag in voertuie sit gedurende normale skoolure nie veral gedurende pouses of saamdrom of rondwaal om motors of motorfietse/bromponies tydens die genoemde tye nie.

b) Leerders mag nie op hulle selfone praat of daarmee besig wees as die voertuig/mototfiets/bromponie beweeg nie.

c) Geen harde musiek mag in ‘n motor gespeel word nie.

d) Leerders mag nie rommel strooi in die parkeerterrein nie en sal sorg dat dit in die gepaste vullishouers geplaas word.

e) Leerders mag nie piekniek hou in of om voertuie nie.

f) Geen vierwielmotorfietse of pretritte word op die skoolterrein toegelaat nie. Dit sluit in aksies soos om wiele te laat tol *(“spin”), “donuts”* uit te voer, enjins te se toere op te jaag en onnodig vining te laat loop en enige toertjies uit te voer. Die skoolterrein is nie ‘n renbaan, sirkus of plek om waaghals te wees nie.

g) Motorfietse/bromponies moet op die afgebakende gebied wat daarvoor gereserveer is, parkeer word - ook ná skoolure. Onder geen omstandighede mag motorfietse/ bromponies op stoepe, stoot, beweeg of parkeer word nie of ander plekke op die skoolterrein gery word nie.

h) Motorfietsryers/bestuurders van bromponies mag nie sonder valhelms ry nie en geen passasiers mag sonder valhelms vervoer word nie.

i) Leerders mag nie terwyl hulle in voertuie op die terrein is rook, vapers of hubbly bubbly pype rook of alkohol en/of ander verbode middels gebruik nie.

j) Leerders mag nie in voertuie op die terrein ter enige tyd sit en mekaar liefkoos, soen omhels en ander soortgelyke dade of immorele dade pleeg nie.

k) Leerders wat uitgevang word dat hulle die skoolterrein tydens normale skoolure verlaat of gedurende pouses word geag om sonder toestemmig afwesig te wees en gedros het/stokkies gedraai het en dissiplinêre stappe sal geneem word.

11.7 Deursoeking van Voertuie, Motorfietse/Bromponies

a) ’n Polisiebeampte of, in sy/haar afwesigheid, die skoolhoof of sy/haar gedelegeerde kan sonder ’n lasbrief of toestemming van ‘n leerder of ouer of eienaar, enige motorvoertuig, motorfiets/bromponie deursoek indien hy/sy ’n redelike vermoede het dat ’n gevaarlike voorwerp of onwettige middels in stryd met die regulasies op die openbareskoolperseel in sodanige voertuig, motorfiets/ bromponieaanwesig is. Sodanige deursoeking mag ook met ‘n snuffelhond onderneem word.

b) Die genoemde persone mag sonder die toestemming van ‘n leerder, ouer,eienaar beslag lê op enige gevaarlike voorwerp of onwettige middel wat in stryd met die regulasies op die openbare-skoolperseel of op ’n persoon is.

c) Daar mag van leerders verwag word om te verklaar wat die inhoud is van enige voertuig,motorfiets/bromponie, tas, aktetas, sak, handsak, lêer, koevert, pakkie of houer van enige aard hoegenaamd wat hy/sy in sy/haar besit, sorg of onder sy/haar beheer het, en om daardie inhoud aan hom/haar te toon.

d) Om hom-/haarself en enigiets in sy/haar besit, sorg of onder sy/haar beheer te onderwerp aan ’n deursoeking deur ’n persoon van dieselfde geslag of ’n ondersoek deur ’n elektroniese toestel, snuffelhonde of enige ander apparaat ten einde te bepaal of daar enige gevaarlike voorwerp of onwettige middel teenwoordig is.

11.8 Toetsing van Leerders wat Vermoedelik Onder die Invloed van Enige Middel Mag Wees

a) Enige leerder in beheer van ‘n voertuig/motorfiets/bromponie of enige leerder wat ‘n passasier is, mag onderwerp word aan ‘n toets vir die gebruik van enige dwelmmiddel ingevolge die betrokke regulasies sonder die toestemming van die leerder en/of sy ouers. Indien die leerder postief toets mag sy/haar voorreg om ‘n

voertuig/motorfietbromponie op die skoolterrein te bring opgehef word en verdere dissiplinêre stappe geneem word.

12. KORT TITEL

Die Beleid sal bekend staan as die Beleid vir Leerdervoertuie van Hoërskool Tuine.

13. GOEDKEURING VAN DIE BELEID

Aanbeveel deur: **Hoof**	Mr JG Furstenberg	Handtekening:	
Datum:	28 Julie 2022		
Goedgekeur deur: **BL Voorsitter**	Dr CE Ackerman	Handtekening:	
Datum:	28 Julie 2022		

Hoërskool Tuine

Posbus 48066
Hercules 0030
Pretoria
255 Bornmanstraat
Pretoria Tuine 0082

Tel: (012) 3796181 / (012) 3790410
E-pos: admin@hstuine.co.za
Webtuiste: www.hstuine.co.za

AANSOEK OM 'N MOTORVOERTUIG/MOTORFIETS/BROMPONIE OP DIE SKOOLTERREIN TE PARKEER

LEERDER SE BESONDERHEDE (BESTUURDER)

Naam en Van: _____ Graad: _____

ID No: _____

Rybewys (Gewaarmerkte Afdruk moet aangeheg word) No: _____ Klas: _____

Datum van Uitreiking: _____ Datum van Verval: _____

VOERTUIG BESONDERHEDE

Naam van geregistreerde eienaar: _____

Tipe: _____

Maak: _____ Kleur: _____

Nommerplaat Registrasienommer: _____

Die voertuig/motorfiets/bromponie is verseker: JA NEE

Ek en my ouers verstaan en neem kennis dat hierdie aansoek slegs goedgekeur sal word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

1. Ek erken dat ek bewus is van die beleid oor die parkering en bestuur van 'n voertuig/motorfiets/bromponie (skrap wat nie van toepassing is nie) op die skoolterrein en dat ek myself van die inhoud daarvan sal vergewis.
2. Ek onderneem om die beleid oor die parkering en bestuur van 'n voertuig/motorfiets/bromponie (skrap wat nie van toepassing is nie) op die skoolterrein na te kom.
3. Ek erken dat enige goedkeuring van my aansoek die toekenning van 'n voorreg sal wees, welke voorreg verbeur kan word onder bepaalde omstandighede.

4. Ek is bewus daarvan dat ek my voertuig/motorfiets/bromponie op die skoolterrein parkeer en/of bestuur op eie risiko en ek en my ouers verstaan dat die skool, beheerliggaam en die departement van onderwys nie verantwoordelik sal wees vir enige skade aan, besering as gevolg van, diefstal van my voertuig, toerusting of persoonlike besittings wat in die voertuig was terwyl dit op die skoolterrein parkeer was nie.
5. Ek verstaan dat die voertuig/motorfiets/bromponie ter enige tyd deursoek kan word en indien nodig met spesiale geleenthede toegang tot die terrein geweier mag word en toegang is net beskikbaar soos deur die hoof bepaal tydens die skooldag en/of gedurende eksamentye tot die aangewese parkeerterreine.
6. Ek verstaan dat ek verantwoordelik sal wees vir die betaling van ‘n parkeerfooi ten bedrae van R50.00 per jaar.
7. Ek verstaan dat sou ek slegs oor ‘n leerder bestuurderslisensie beskik, dat ‘n persoon met ‘n wettige bestuurderslisensie my te alle tye in die motorvoertuig sal vergesel.
8. Ek verstaan dat ek nie gemagtig is om ander leerders te vervoer sonder hul ouers se toestemming nie en ook nie sonder dat hulle valhelms of sitplekgordels aan het nie.

_____
HANDTEKENING VAN LEERDER

Onderneming deur die Ouer
Ek ondersteun hiermee hierdie aansoek van my kind en bevestig dat die voertuig/motorfiets/bromponie padwaardig, gelisensieer en verseker is.

Ek neem kennis van die voorwaardes gekoppel aan hierdie aansoek en onderteken dit saam met my kind. Ek aanvaar dat dit ‘n reg is wat verbeur kan word onder sekere omstandighede.

OUER SE NAAM en VAN _____

_____ _____
HANDTEKENING VAN OUER **DATUM**

VIR SKOOLGEBRUIK:
Die aansoek word hiermee:

GOEDGEKEUR	AFGEKEUR

Addisionele voorwaardes vir goedkeuring (indien enige):
_____
_____
_____

JA	R50 parkeerfooi betaal. Parkeerskyfie No: _____

_____
HANDTEKENING VAN HOOF